

9 Oktober 2020

Geagte Ouers/Voogde

HANDBOEKE 2021: GRAAD 8

Hoërskool Randburg se boekwinkel is nie 'n handeldrywende en winsgewende boekwinkel nie, maar bied graag 'n handboekdiens aan u. U mag egter by enige privaat leweransier u aankope doen, indien u nie van hierdie diens gebruik wil maak nie.

Wat behels die diens

U word voorsien van 'n graad- en vakgebaseerde handboeklys, sowel as verbruikbare voorraadlys, wat die leerders in 2021 nodig gaan hê. Die handboeklys sluit Gauteng Departement van Onderwys (GDO)-boeke in en is duidelik so gemerk. Verbruikbare voorraad soos skrifte, papier, skryfbehoeftes, ens. word aangedui, maar word nie deur die boekwinkel verskaf nie en kan by enige privaat leweransier aangekoop word.

Hoe verloop die diens

1. Elektroniesebestelling:

- Voltooi onderstaande skakel om bestelling elektronies te plaas. U sal 'n e-pos dadelik ontvang met die volledige bestelling en bedrag betaalbaar.

➤ Graad 8: <https://bit.ly/35XdNkL>

2. Papierbestelling: (slegs indien u nie elektronies kan bestel nie)

- Boekbestelvorm beskikbaar op die Hoërskool Randburg se webwerf: Akademie -> Inligtingstukke.

3. Bruikuur van Gauteng Departement van Onderwys (GDO)-boeke:

- Boeke wat van die Gauteng Departement van Onderwys ontvang is, word aan leerders teen 'n huurfooi van **R300.00** per jaar voorsien. Dié boeke bly die eiendom van die skool en word weer aan die einde van die jaar aan die skool terugbesorg. Geen merke mag in die boeke gemaak word nie. Indien 'n GDO-bruikuurboek verlore raak of beskadig is, sal die leerder die boek teen die vervangingskoste moet vervang. (Pryse is beskikbaar op die GDO - "Textbook Loan Form").

4. Betaling word op die volgende wyse hanteer:

- Kontant, krediet-, debietkaart of elektroniese betalings kan gemaak word. Hierdie betalings word deur die finansiële kantoor behartig.
- Indien u 'n elektroniese betaling (EFT) maak, gebruik asseblief die volgende verwysing:
BW naam, van en GR8.
- **Bankbesonderhede:** Hoërskool Randburg, Absa Randburg (632005) en Rekeningnommer: 170680065
- U word vriendelik versoek om u bestelling en bewys van betaling (kwitansie of elektroniese betaling) teen **6 November 2020** by die finansiële kantoor in te handig om te verseker dat voorraad beskikbaar sal wees. Boeklyste kan per faks of epos gestuur word na 086 651 7902 of debiteure@hsrandburg.co.za. (Die Hoërskool aanvaar slegs boekbestellings per e-pos van **toekomstige graad 8's**)

5. Lewering van boeke

- Ons aanvaar nie die verantwoordelikheid vir laat aflewering of onvoorsiene gebeure by die leweransiers nie. Daarom moedig ons u aan om u bestelling betyds te plaas.
- Die graad 8 leerders ontvang hul handboekbestelling na afloop van die graad 8 kamp in 2021.
- Die Boekwinkel is slegs tydens skoolure operasioneel (07:30-13:30 - Ma. tot Vry.) tot en met 11 Desember 2020 en sal weer op 25 Januarie 2021 heropen.

6. Tweedehandse boeke

- Ons verkoop nie tweedehandse boeke vanuit die boekwinkel nie. Daar mag wel huidige graad 8 ouers wees wat hulle boeke wil verkoop. Rig 'n navrae aan Mev. Marx by boekwinkel@hsrandburg.co.za wat u in kontak kan bring met moontlike verkopers.
- Hoërskool Randburg neem geen verantwoordelikheid vir hierdie transaksies nie.

7. Afrolpapier

- Hoërskool Randburg versoek asseblief steeds een (1) riem fotostaatpapier van elke leerder vir die nuwe jaar. Help, asseblief!

Dankie vir u begrip en samewerking. Deur van hierdie diens gebruik te maak, word groot besparings teweeg gebring.

Help ons om ú met hierdie diens te help.

Groete.

P Booyesen

Hoof

Tel: (011)782 6226